1. 1. Terugkeer na Kerk
(Hierdie aankondiging is net van toepassing op Suid-Afrika and Botswana - nie Namibië (tans op inperking) & Mosambiek (waar godsdienste nie toegelaat word nie) nie.
Ons is dankbaar vir die verbetering in die situasie rakende infeksies, herstel en algehele bestuur van die COVID-19 pandemie. Kom ons volhard daarin om ons deel te doen, deur die dra van maskers, was van hande en handhawing van ‘n veilige afstand. Ons spreek weereens ons dankbaarheid uit teenoor werkers wat in die voorste linie onverpoos werk in die stryd teen die siekte. Gegewe die huidige sukses van laer infeksies en die hoë nasionale herstelkoers, vind ons dit wys en gepas om gedeeltelike terugkeer na kerkdienste vanaf Woensdag 09 September 2020 op die volgende basis aan te kondig:

- Ons wil aan lidmate, wat uitdagings met toegang tot uitsendings het, die eerste geleentheid bied om godsdienste by te woon (wat voorlopig net woorddienste, soos ons dit tans het, sal wees) in ons kerkgeboue tot a maksimum van 50 bywoners – COVID-19-gesondheidsprotokol sal gehandhaaf word. Jul gemeenteleier sal julle aangaande die reëlings inlig. Verseker asseblief dat julle huidige kontakbesonderhede op MIS korrek is.
- In September sal dit vir julle moontlik wees om middelweekgodsdienste, wat deur jul plaaslike leiers waargeneem word, te ervaar. Die godsdienste sal om 19h00 in aanvang neem en via Facebook Live en/of YouTube gebeeldsend word. Jul gemeenteleiers sal julle van die betrokke skakel vir jul gemeente voorsien.
- As gevolg van hierdie plaaslike godsdienste sal daar geen uitsending van ‘n sentrale godsdiens vanaf Sandton of Silvertown, soos ons dit tans gehad het, plaasvind nie.

Om te verseker dat ons doen wat die beste is vir ons lidmate, word diegene oor die ouderdom van 60 jaar, sowel as diegene met siektestoestande aangemoedig om nog nie na die kerk terug te keer nie. Ek het nooit gedink dat ek mense sou aanmoedig om nie kerk toe te kom nie, maar ek doen ‘n beroep op julle begrip. Ons sal steeds voortgaan om godsdienste aanlyn beskikbaar te stel. Op hierdie stadium is dit steeds vir ons onmoontlik om enige sakramente te bedien. Tesame met ander Christelike denominasies het ons voorstelle gemaak vir die wysiging hiervan. Laat ons volhard in ons gebedsversoek om spoedig sakramentele bediening te ervaar.

Troues
Julle mag gehoor het dat troues in Suid-Afrika tot ‘n maksimum van 50 bywoners toegelaat word. Tesame met ander kerke soek ons klaarheid, aangesien huidige wetgewing slegs na trou-onthale verwys. Ek doen ‘n beroep op paartjies vir hul begrip in hierdie verband. Ons wil nie van ons geloofsoortuigings afwyk nie.

Konfirmasie (finale jaar)
As deel van die terugkeer na aktiwiteite, sal ons finale jaar konfirmante hul lesse hervat. Julle plaaslike gemeenteleier sal adviseer hoe dit in jul gemeente sal plaasvind.

Onafgehandelde aftredes
Gedurende September sal ek die areas van George, Mpumalanga, and Kimberley besoek. Tydens hierdie besoeke sal ek die volgende diensknegte in die rus plaas:
• Opsiener Trevor Stephens – op Donderdag, 17 September 2020 (George).
• Apostel Lionel Meyer – op Sondag, 20 September 2020 (Barberton) – dit sal tydens ‘n Sondaguitsending plaasvind.
• Opsiener Edward (Eddie) Bhana op Sondag, 27 September 2020 (Kimberley), later die oggend.
Die normale godsdiensuitsending sal steeds om 09h00 plaasvind. Hierdie Sondag (27ste September) sal ons eerste uitsending vanaf Mosambiek (waargeneem deur Apostel Mazuze) plaasvind.

Intermediêre Blokfluitkursus
Ons het ‘n nuwe kursus vir ons blokfluitentoesiaste ontwikkel wat op NACTV gebeeldsend sal word. As ‘n opvolg op die Beginner Blokfluitkursus is ons gelukkig om die loods van die Intermediêre Blokfluitkursus aan te kondig. Die eerste episode sal op Sondag 13 September om 10h45 gebeeldsend word. Die Intermediêre Blokfluitkursus sal voorafgegaan word deur die Beginner Blokfluitkursus wat om 10h30 plaasvind. Beide kursusse sal Sondae om 13h45 en Woensdae om 17h00 herhaal word. Liewe Ouers, moedig asseblief u kinders aan om voort te gaan om hul vaardighede met die blokfluit te ontwikkel.

NAK Begrafnisfonds
Ons invordering van die 2020/2021 begrafnisfondspremies is nou afgehandel. Ek bedank julle hartlik vir jul toewyding in hierdie opsig. Om julle verder op datum te bring rakende verwikkelinge rondom die begrafnisfonds, sal daar in die nabye toekoms ‘n aanbieding via NACTV plaasvind.

Dankseggingsdag – Sondag, 4 Oktober 2020
Op Sondag 04 Oktober sal ons Danksegging vier. Ek besef dat beperkings steeds in plek sal wees, maar ek moedig julle aan om betrokke te wees by verskillende aktiwiteite wat deur jul plaaslike leiers beplan word. Ons Dankseggingsgodsdiens sal vanaf ons nuwe kerk in Goodwood gebeeldsend word. Ek sal hierdie godsdiens gebruik om die kerkgebou in te wy. Te wyte aan huidige inperkings, sal slegs ‘n gedeelte van die gemeente hierdie inwydingsgodsdiens kan bywoon. Ek bedank nou reeds die lidmate vir hul begrip rakende hierdie ongewone situasie.